Ned. Geref. Kerk Kuilsrivier-De Eike

✉ Posbus 272
Kuilsrivier
7579

☎ 021 903 3818
Faks 021 903 9541

E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za
http://www.facebook.com/pages/De-Eike-Gemeente-FB/199958340046137

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Prop. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00	
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00	
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677	koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963	
Snr Kategese	Anien Heydenrych	☎ 074 496 6519	
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h) of 021 981 5522 (w)	

Verlede week se erediensbywoning

Oggenddiens: 295
Kinderkerk: 58
Aanddiens: 81

Totaal : 434 van 1716 (25.29%)

18 Junie 2017

Tweede Sondag in Koninkrykstyd

VADERSDAG
NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES
09:30 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Instituut vir Blindes
Geen Kinderkerk en Kleuterkerk

Erediensspan 2 – Charl van Zyl

Geen Aanddiens
Geen Senior kategese

VANDAG SE DEUROFFER IS TEN BATE VAN

INSTITUUT VIR BLINDES

Die Instituut vir Blindes is in 1881 deur die NG Kerk gestig en streef vandag daarna om persone wat blind, swaksiende, doofblind en siggestremd met bykomende gestremdhede is, deur opleiding, ontwikkeling en versorging tot ’n vervulde lewe en volle burgerskap te bemagtig. U voorbidding word gevra vir die werk wat hier gedoen word. U kan help deur ’n siggestremde in diens te neem en deur van ons selfvervaardigde produkte (beddens, matrasse, rottang items) te koop.

023-347-2745 irene@blind-institute.org.za www.blind-institute.org.za

WEEK SE PROGRAM

Gebedsonderwerp vir die week:

Vir ons vaders en die geestelike leiding wat hulle neem

Leesroostertekse vir die week

Gen 21:8-21; Ps 86:1-10, 16-17; Rom 6:1-11; Matt 10:24-39

Datum	Tyd	Wie / Wat	Besonderhede
Maandag	19:30	Vroue Bybelstudie kleingroep	Byeenkoms in Moederskamer
19-Jun	19:30	Sportmanne	Bybelstudie byeenkoms in konsistorie
Dinsdag	9:30	Senior Burgers	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
20-Jun	19:00	Kerkkoor	Oefening in kerk
	19:00	Pannie se kleingroep	Kleingroepbyeenkoms by Pannie se huis
Woensdag	9:30	Vrouelidmate	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
21-Jun	18:30	Kommunikasie	Taakspan vergader in konsistorie
Donderdag	9:30	Dienssentrum vir Seniors	Byeenkoms by Moedergemeente se kerksaal Alles oor melkterk & storieverteller mnr de Villiers
22-Jun		Sopkombuis	Hermien de Kock, Sybil Smit, Mariana van Schalkwyk, Marietjie Mostert, Anita le Roux, Elmari Schwenke
Vrydag	9:30	Gebedsgeleentheid	Alle lidmate word genooi om te deel in die weeklikse geleentheid in die Moederskamer
23-Jun			
Saterdag			
24-Jun			

VOLGENDE SONDAG SE PROGRAM – 25 Junie 2017	
09:30 Oggenddiens – bevestiging van Prop Jandré Viljoen **Nuwe Intrekkerstee** **Deuroffer ten bate van: BADISA** **Geen Kinderkerk en Kleuterkerk** **Erediensspan 3 – Johan Norman**	**18:00 Aanddiens – Gesinsdiens** **Tema: Sport vir Christus** **Senior kategese na afloop van die Aanddiens**

Nuwe Lidmate

1. Welkom aan alle nuwe De Eike lidmate – skryf gerus u naam in die *Nuwe Intrekkers Registers* by die deure.
2. Die volgende lidmate se lidmaatskapsertifikate is ontvang:
   - Dolf en Marie de Wit vanaf Bellville-Wes
   - Philip en Elize Smith vanaf Gordonsbaai
   - Brian, Carlien en Liam Donaldson vanaf Brackenfell en Kleinmond onderskeidelik

Verjaarsdae vir die week

18/06 Tommie en TJ van den Heever, Lizanne Combrinck, Joelene Conradie
19/06 Hester Haynes, Elsa Triegaardt, Harriot van Greunen, Bertha de Kock, Marie-Lee Deyzel, Japie Richter
20/06 Bossie Brink, Kian Britz
21/06 Francois de Wit, Inus Basson, Eric Brand, Armand Beyers, Anna Malherbe
22/06 Netta de Villiers, Danalene Gillman, Elsa Louw, Jasper van Rensburg, Johan Kriel, Christiaan Visser, Piet Rootman, Jeandre Burger
23/06 Jacques du Plooy, Tersia Jonck, Braham van Wyk, Neels Visser
24/06 Francois de Kock, Andrieshia Radyn, Joubert Coetzee, Jannie Gerber, Anika MacArthur

Danksegging en Voorbidding

1. Cassie Smit (Bellville, voorheen Langenhovenstraat) is in Intercare.
2. Peet Pelser (Othello) is in die hospitaal vir mediese toetse.
3. Rita Harmse (Brackenfell) se skoonseun het in Saudi-Arabië gesterf.
4. Theo Fölscher (Waterbessie straat 50) herstel van sy operasie.
5. Tannie Elsie Els (Sarah Goldblatt straat 3) het ’n baie groot operasie ondergaan.
6. Die troosdiens vir Jeanette Otto was Woensdag uit ons kerk. Bid steeds vir Jimmy en sy dogters.
7. Oom Henta van Zyl (Othello) sterk aan na ’n gesondheidsterugslag.

Van alles en nog wat

1. Versoeke vir **gebedsvoorbidding** kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate : Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820)
2. **Liedere Versoek-boek:** indien daar ’n spesiale lied is wat jy graag wil versoek deur die gemeente gesing moet word, skryf dit gerus in die versoek-boek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. **Die Mediasentrum** is elke Sondag na die erediens oop, gedurende die skoolkwartale.
4. Ons is nog steeds op soek **na ou tydskrifte** om te versprei na minderbevoorregtes. Bring gerus na die kerkkantoor. **Enige ou klere** – somer sowel as winterklere – is ook welkom, sowel as beddegoed, handdoeke, gordyne, ens.
5. **Sopkombuis:** Lidmate wat graag ’n brood vir die sopkombuis wil skenk, kan dit in die mandjies by die deure plaas of na die kerkkantoor neem.
6. Die bedrag van R12 737 is tydens Pinkster ingesamel vir Bybelverspreiding. Donasies is gemaak en Die Bybelgenootskap en Die Gideons. Daar is ook Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels aangekoop wat by die kerkkantoor beskikbaar is. As jy weet van iemand wat nie ’n Bybel het nie, gaan kry gerus een by die kerkkantoor.
7. Die Pinksterreeks (7 dienste) is op CD beskikbaar teen R70. Die opnames sluit Piet Smit se sang in. Bestellings kan by die kerkkantoor geplaas word.
8. Huis de Kuilen se jaarlikse Hoenderbraai vind plaas op Vrydag 30 Junie 2017. Kaartjies teen R45 per persoon is beskikbaar by die sekretaresse (021 903 7055) en by Daphne Jordaan (021 903 2815).

Die Kommissie vir Vrouelidmate
(voorheen bekend as Vrouediens)

GEDAGTE VIR DIE WEEK

My pa het my die grootste geskenk gegee wat enigiemand aan iemand anders kan gee: hy het in my geglo.

JIM VALVANO

KINDERKERK

Ek is op soek na iemand wat my van tyd tot tyd by die Kinderkerk kan aflos met die orde van die erediens, sowel as die sang aanbieding (nie prediking nie). Dit sal my in staat stel om meer gereeld die volwasse eredienste by te woon.

Ons sing kinderliedjies, en maak gebruik van die volgende cd's : Jan de Wet, Soekie en die Radikids, Oom Karoolus, Nadine Blom en Gwendoline. Indien al hierdie liedjies nie bekend is aan een persoon nie, kan ons altyd bekende liedjies vir daardie persoon uitsoek vir daardie spesifieke Sondag. Kontak my asseblief by r.odendal@mweb.co.za of 0219034963 of 0829040950.
Riëtta Odendal

Jandré Viljoen word op Sondag 25 Junie 2017 tydens die oggenddiens georden en bevestig as leraar van die gemeente. Na afloop van die erediens kan die gemeente saam kuier in die saal.

Vanweë sy bevestiging sal daar nie op 25 Junie Kinderkerk wees nie. Die vergadering van die Kinderkerk se personeel is ook uitgestel tot na die vakansie, naamlik Sondag 30 Julie

Jandré lewer die volgende Sondag, 2 Julie 2017, sy intreepreek by die oggenddiens.
Ons nooi almal uit na dié geleenthede.

DE EIKE KOSKAS

Die koskas waaruit behoefte lidmate en gesin in ons gemeente kospakkies ontvang, is tans baie leeg. Bydraes van enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens. Is dringend nodig om dié lidmate te kan help. Enige bydrae kan in die mandjies by die deure geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

AFVAL

Aan almal wat teleurgesteld was omdat hulle nie 'n bakkie afval by die basaar kon koop nie, GOEIE NUUS. Wessie het aangebied om weer te maak. Gee jou bestelling by die kerkkantoor op. 'n Bakkie (sonder samp of rys) sal R60 kos. Betaling moet saam met die bestelling geskied. Slegs 'n beperkte hoeveelheid sal gemaak word, so moenie wag.

DIE SENIOR KATEGESE BIED AAN

Gesinsdiens op Sondag 25 Junie 2017 om 18:00

Tema: "Sport vir Christus"

Bring jou Pa, Ma, Ouma, Oupa – ag sommer die hele familie geklee in jou sport ondersteuningsdrag en kom luister hoe getuig sportster(re) vir Christus.

Sien jou daar!!!!

SADAG (South African Depression and Anxiety Group)
Ondersteuningsgroep vir ouers van kinders met Depressie en Angs

Ons wil graag die ouers van kinders (ongeag ouderdom) wat ly aan Depressie en Angs uitnooi om 'n ondersteuningsgroep by te woon by die NGK Kuilsrivier (Gebedskamer) op Donderdag 29 Junie om 19:00.
Die byeenkomste sal elke laaste Donderdag van die maand geskied.
Enigiemand is welkom - selfs ook mense uit Brackenfell, Eersterivier, Bellville en omliggende dele.

Belangstellendes kan navrae stuur aan: karinbursey@gmail.com of hnfouche@gmail.com

BASAAR 2017

- Die basaar se netto opbrengs het intussen gegroei tot **R230 021**. Die doelwit was R230 000. Ons is opreg dankbaar dat dié doelwit behaal is.
- Lidmate is welkom om deurlopend deur die jaar tweedehandse boeke na die kerkkantoor te bring.
- Bethley Scheidegger sê: baie dankie aan almal wat gehelp het om die PLANTE-verkoping by die basaar so 'n groot sukses te maak. Ons maak volgende jaar weer so!!

KLUB VIR SENIORS

Ons wil graag 'n klub vir Senior Burgers stig. Ons afskopgeleentheid is 30 Julie 2017 na die oggenddiens.

Ons nooi alle senior burgers na dié geleentheid.

Preekskets – 18 Junie 2017

PREDIKER: DS. CHRIS BARNARDO

TEMA: HOOFOPSKRIFTE EN HEILIGHEID

Skriflesing: Lukas 13:1-9

Liedere:

Loflied – 525:1 en 3
Verootmoediging - Lied 577:1 en 2
Uitstuurlied - Lied 509:1 en 4

1. Wat is besig om te gebeur? Hoofopskrifte vertel die verhaal van ’n wêreld wat stukkend is. Tragedies speel hulle dwarsoor die wêreld af waarin mense en die omgewing onmeetlike skade lei.

2. Die mens se beskouing. Wie moet verantwoordelikheid neem vir al die tragedies wat afspeel in die wêreld? Die mens wil so graag antwoorde en oplossings vir alles in die lewe hê. Juis daarom kan mens so maklik na tragedies kyk en goedkoop redes opdis vir die oorsaak daarvan. En die mens kan selfs maklik vanaf ’n heilige platform vinger wys.

3. Jesus se beskouing. Jesus luister na die uitsprake van sy dissipels en hulle goedkoop redes waarom hierdie slegte dinge gebeur, waarop Hy antwoord: “Hou op om allerhande uitsprake oor ander se lewe te maak. Kry liewer julle eie lewe in orde. Binnekort is julle ook dood. Dan is dit vir altyd te laat.”

4. Nee, tragedies gebeur nie met goeie of slegte mense as gevolg van straf nie. God sit nie net reg om mense oor die vingers te tik nie. Hy is ’n goeie God wat bereid is om mense nog ’n kans te gee.

BYSTAND IN RAMPGETEISTERDE GEBIEDE

Ons sê baie dankie aan alle lidmate wat reeds mildelik bygedra het. Die goedere wat ontvang is gedurende die week is versprei na Knysna en ook plaaslike vloedgeteisterde gemeenskappe.

Lidmate is welkom om steeds bydraes na die kerk te bring.

FINANSIËLE BYDRAE TOT DIE RAMPFONDS
Gemeentes en lidmate sou ook ‘n finansiële bydrae kon maak wat dan direk in hierdie gebiede aangewend sal word.
Die bankbesonderhede van die NG Kerk in Suid-Afrika se rampfonds:
Bank: Nedbank
Rekeningnommer: 113 598 8471
Rekeningnaam: NG Kerk in SA
Takkode: 123 209
Verwysing: Rampfonds